# DIE 95 STELLINGE VAN MAARTEN LUTHER

*Versorg deur dr. D. R. Snyman*

# GEDENK....

Deur te gedenk roep ons ook die verlede in herinnering.

Dit is die bevel van Gods Woord: „Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na. Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie . . ." (Hebr. 13:7, 9).

Protestante vier hierdie jaar (1967) andermaal dankbare gedagtenis van die Kerkhervorming van die 16de eeu, wat begin het met die optrede van die geloofsheld Maarten Luther in 1517 toe hy sy besware teen die Roomse aflaat-leer bekend gemaak het, omdat hy deur Bybelstudie tot die besef gekom het dat die boetvaardige sondaar vrede by God verkry alleen deur die geloof in die soendood van Jesus Christus.

Vir die eerste maal word die 95 Stellinge van Luther volledig in die Afrikaanse taal aangebied.

Die Sondagskool-Boekhandel verdien die dank van alle Protestante dat die brosjure teen die geringe prys van 10 sent beskikbaar gestel word.

Leraars sal stellig bly wees om die Stellinge in handige brosjure-vorm te besit. Die vertroue is dat dit ook in die hande van alle teologiese studente, Sondagskoolonderwysers(esse), lede van katkisasieklasse en veral ook in die hande van alle kerkraadslede sal geplaas word. Daar is ongetwyfeld duisende lidmate wat graag ook 'n eksemplaar van die brosjure sal wil besit. Doeltreffende verspreiding van die brosjure sal stellig geskied as kerkrade 'n bestelling plaas by die Sondagskool-Boekhandel, Posbus 396, Bloemfontein, O.V.S. en met die verspreiding help deur in die gemeente bekend te maak dat die brosjure beskikbaar is teen 10c. elk, indien nie besluit word om dit kosteloos aan te bied nie.

Die vroegtydige verspreiding van die brosjure kan 'n gepaste voorbereiding wees vir die Hervormingsdienste wat eersdaags gehou sal word.

D. R. S.

## DIE 95 STELLINGE VAN MAARTEN LUTHER

Die jaar 1517 is van groot betekenis vir die Protestantisme. In daardie jaar het Maarten Luther sy 95 Stellinge aan die Christendom bekend gemaak. Voor die tyd het Luther tot volle geloofsversekerdheid gekom enkel en alleen deur die geloof in die versoeningsdood van Jesus Christus. Sy hart het gebrand om hierdie waarheid aan die mensdom bekend te maak. Gods uur van bevryding het aangebreek toe Luther sy beroemde 95 Stellinge gaan vasspyker het aan 'n kerkdeur in Wittenberg, Duitsland. Soos die ysterpenne waarmee die heilige liggaam van Christus aan die kruis geheg is, geskiedenis gemaak het, so het die spykers waarmee Luther sy Stellinge aan die deur van 'n kerk vasgeklink het, 'n nuwe wending aan die geskiedenis gegee. Dit het 'n groot deel van die kerk bevry van Rooms-Katolieke tirannie en uitgeloop op die geboorte van die Protestantisme en die geestelike seëninge wat daaruit voortgevloei het.

Die aanleiding tot die optrede van Luther was, soos bekend, die verkoping van aflaatbriewe op pouslike gesag. Die pous het geld nodig gehad vir die voltooiing van die St. Pieterskerk in Rome. Deur die aflaathandel is groot somme geld geïn. Aan die aflaatbrief was gekoppel die Godonterende gedagte dat die mens vir homself en vir afgestorwe familielede die straf in die sg. reinigende vuur kon verkort. Vergiffenis en straf kon dus gedeeltelik afgekoop word deur geld volgens die Roomse. „Die mense het gedink dat hulle deur geld kon goed maak wat hulle aan berou kortgekom het, en dat hulle die vergewing van sonde met geld kon bekom".

Dit is teen hierdie goddelose praktyk dat Luther met verontwaardiging in opstand gekom het. Luther het so al wat hy kon probeer om vrede in sy siel te verkry deur die voorgeskrewe Roomse praktyke, maar die duisternis in sy siel het al erger geword. Uit Gods Woord het hy egter geleer dat die mens geregverdig word verniet, deur die geloof, op grond van die soenverdienste van die Here Jesus Christus. Daarom was Luther so diep verontwaardig toe die aflaatkramer van die destydse pous in die nabyheid gekom het van Wittenberg, waar Luther gestaan het, en aflaatbriewe aan die mense te koop aangebied het.

Luther het met sy 95 Stellinge aanvanklik niks meer beoog as die bestryding van die Roomse aflaatleer nie. Hy het die Roomse aflaat veroordeel as iets wat in stryd was met die vroeëre beskouinge van die Roomse Kerk in hierdie opsig. Luther het selfs gemeen dat die pous sy opvatting van die aflaat sou steun. Spoedig sou Luther egter ontdek dat die afwykings wat hy op die oog gehad het, pouslike sanksie gehad het. So diep was die geestelike verval waartoe daardie kerk eindelik gekom het! Tot op hierdie dag word aflaatbriewe deur die Roomse Kerk verkoop. Eerw. Jeffrey-James het, toe hy 'n tyd gelede in Spanje was, so'n aflaatbrief gekoop, nie omdat hy daaraan enige geestelike waarde

geheg het nie, maar om hom te vergewis dat dié bose praktyk nog beoefen word.

Die uitgangspunt van die Stellinge van Luther teen die aflaat was die woorde van Christus: *Bekeer julle.* Met daardie toorts van die Skrif is hy self uit die duisternis gelei en het hy tienduisende andere in die loop van die eeue uit die duisternis tot die volle daglig van vergiffenis en vrede deur die evangelie van Jesus Christus help lei.

Luther het nie met die Roomse Kerk gebreek voordat hy tot die oortuiging gekom het dat dit onmoonlik is vir 'n Christen, wat erns maak met die evangelie en wat Gods Woord as die enigste rigsnoer aanvaar vir leer en lewe, om daarin te bly nie.

Die 95 Stellinge van Maarten Luther is 'n dokument wat die geskiedenis verander het. Die Protestantisme is 'n werk van Gods genade en almag. Dit het die suiwere verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die wêreld teruggee. Dit is die Here God wat die dappere hervormers besiel, bemoedig en bekragtig het om gedurende meer as 'n honderd jaar vas te staan en te stry ter wille van die waarheid wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Hoe baie van hulle het hul getuienis vir die waarheid met hul eie bloed verseël. Die Protestantse erfenis is onwaardeerbaar kosbaar, omdat dit saamhang met die suiwere verkondiging van die evangelie van Gods genade alleen deur die soenverdienste van Jesus Christus, ons enigste Hoëpriester. Die Protestantse Hervorming was inderdaad 'n terugkeer tot die leer van die Here Jesus en die apostels, die herontdekking van geloofswaarhede wat verberg was onder mensgemaakte dwaallerings, wat intussen aangegroei het, en wat die weg van verlossing vir die sondaar verduister.

Watter sin kan daar wees om ons te verbind met bewegings soos die Wêreldraad van Kerke, wat 'n valse ekumène nastreef en, as hy sy sin sou kry, 'n groot deel van die Protestantisme terug sal lei na die Roomse geestelike afgronde waaruit niks minder as Gods almag ons verlos het, met veronagsaming van die onoorbrugbare kloof wat die Waarheid van die Dwaling skei? Laat ons hulle met beslistheid afwys.

Dr. Loraine Boettner, 'n uitnemende kenner van die Rooms-Katolisisme, sê tereg: „Die algehele afhanklikheid van die Roomse Kerk van sy priestersamp as die hart van sy stelsel, terwyl die Nuwe Testament leer dat die priesters wat offers bring *afgeskaf* is en dat die algemene priesterskap van gelowiges ingestel is in die plek daarvan, beteken dat die Roomse stelsel in sy middelpunt vals is. Hoewel sommige liberale leraars van 'n eventuele samesmelting van Protestantse Kerke met die Rooms-Katolieke Kerk praat, behoort hierdie feit alleen (afgesien van die eis dat die gesag van die pous aanvaar word, wat die een saak is bokant alle andere waarop die Roomse onverbiddelik aandring) voldoende te wees om aan te toon hoe onmoontlik sodanige samesmelting

(met die Roomse) is" (Vertaald aangehaal uit *Roman Catholicism* deur L. Boettner, bl. 456).

Die Protestantisme moet opnuut besin oor die gevare wat hom bedreig. „Koop waarheid en verkoop dit nie" (Spr. 23:23). Hy moet stry vir die waarheid. Hy moet daaraan vashou. Hy moet dit verkondig. Hy moet dit bewaar vir diegene wat na hom kom. Dit is die waarheid wat hom vry maak van die slawediens van die sonde en hom lus gee tot die diens van die Here.

By elke leser van hierdie brosjure beveel ons baie hartlik aan die genoemde treffende boek *Roman Catholicism* deur Loraine Boettner. Hierdie boek is 'n standaardwerk wat moeilik oortref kan word. Dit is verkrygbaar by die Wycliffe Boekhandel, Northvaal Arcade 21, Vermeulenstraat, Posbus 2130, Pretoria, Tvl. In hierdie verband wil ons ook noem die brosjure: „Should there be a line up with the Church of Rome?" deur Bishop D. A. Thomson, verkrygbaar by I.C.C.C., 9 Milnthorde Road, Chiswick, London, W.4, Engeland. Die prys is 1/- elk, per Britse Posorder, wat verkrygbaar is by ons Poskantore in die Republiek. Skaf hierdie boeke aan.

Hier volg nou 'n vertaling van die 95 Stellinge van Maarten Luther.

Die leser moet in gedagte hou dat Luther in 1517 nog nie *ten volle* die Roomse denke afgeskud het nie, maar nog uitdrukkinge gebruik wat asnog onklaar is — hy was nog *onderweg* na groter helderheid wat die *vorme* betref, hoewel hy toe reeds *wesenlik* met Rome gebreek het.

## DIE 95 STELLINGE VAN MAARTEN LUTHER.

1. Toe onse Here en Meester, Jesus Christus, gesê het: *Bekeer julle,* het Hy bedoel dat die hele lewe van die gelowiges een van boetvaardigheid moet wees.
2. Hierdie woorde sien inderdaad nie op die sakrament van boetedoening nie, d.w.s. belydenis en absolusie (sonde vergiffenis), soos deur die Roomse uitgeoefen word.
3. En tog is die betekenis nie beperk tot boetvaardigheid in iemand se hart nie, want sodanige boetvaardigheid is waardeloos tensy dit uitloop op uiterlike tekens van verskeie kruisigings van die vlees.
4. So lank as afkeer van self afwesig is (d.w.s. ware inwendige boetvaardigheid), bly die straf van die sonde totdat ons in die koninkryk van die hemel ingaan.
5. Die pous het nie die wil of die mag om van enige straf kwytskelding te skenk, behalwe dié wat opgelê is of deur sy eie diskresie of die van die kerk nie.
6. Die pous kan geen vergifnis van skuld skenk nie, maar verklaar en bevestig alleen dat die skuld deur God vergewe is;

of hoogstens, kan hy vergifnis skenk in gevalle waar hy diskresie het. Met uitsondering van sulke gevalle, bly die skuld van krag.

7. God vergeef aan niemand die skuld sonder om hom tegelykertyd nederig onderworpe te maak aan die priester, sy verteenwoordiger. (*B. ter Haar* vertaal hierdie stelling soos volg: God vergeef aan niemand die skuld wat hom nie tevore verootmoedig nie).
8. Die boetvaardigheid volgens kerklike voorskrifte, sien alleen op mense wat nog in die lewe is, en volgens dié kerklike voorskrifte het geeneen betrekking op die dode nie.
9. Gevolglik, die Heilige Gees, werkende in die persoon van die pous, laat genade in ons tot openbaring kom, deur die feit dat die pouslike verordeninge ophou om van krag te wees by die dood, of in enige voorkomende harde omstandigheid.
10. Dit is 'n verkeerde daad, gebore uit onkunde, wanneer priesters verklaar dat die kerklike straf van krag bly ten opsigte van die dode in die vaevuur.
11. Toe kerklike straf verander is en van toepassing gemaak is op die vaevuur, blyk dit duidelik dat onkruid gesaai is terwyl die biskoppe aan die slaap was!
12. In vroeër dae is die kerklike straf opgelê, nie nadat absolusie (*d.w.s. vryspraak deur die priester aan die boetvaardige sondaar*) gegee is nie, maar *voordat* dit gegee is; en die strafbepaling se oogmerk was om te dien as toets van ware berou.
13. Die dood maak 'n end aan alle aansprake van die kerk; selfs die sterwende is buite die bereik van die kerklike wette en word nie langer deur hulle gebind nie.
14. Gebrekkige vroomheid of liefde in 'n sterwende persoon word noodwendig vergesel van groot vrees, wat die grootste is in die gevalle waar vroomheid of liefde die minste is.
15. Hierdie vrees of aakligheid is in sigself genoegsaam, wat ook al meer gesê mag word, om die lyding van vaevuur te vorm, aangesien dit baie na aan die aakligheid van wanhoop kom.
16. Skynbaar is daar dieselfde verskil tussen die hel, vaevuur en hemel as daar is tussen wanhoop, onsekerheid en geloofsversekerdheid.
17. Waarlikwaar, die lyding van siele in die vaevuur behoort gelenig te word, en naasteliefde behoort na verhouding vermeerder te word.
18. Bowendien, daar is skynbaar geen bewys, op grond van die rede of die Skriftuur, dat hierdie siele buitekant die perke van verdienste is, of nie in staat is om in die genade te groei nie.
19. Ook skyn dit nie bewys te wees dat dit altyd die geval is dat hulle die versekering van verlossing het, al is ons baie seker daarvan.
20. Daarom, as die pous praat van die volle vergifnis van alle

straf, beteken dit nie *al* in die strenge betekenis van die woord nie, maar alleen dié wat deur hómself opgelê is.

21. Daarom is diegene wat die aflaat verkondig, verkeerd as hulle sê dat 'n mens ontslaan is en gevrywaar is van elke straf kragtens die aflaat wat deur die pous toegesê is.
22. Die feit is dat hy geen straf aan die siele in die vaevuur kan kwytskeld nie, wat volgens kerklike bepaling gely word in die teenswoordige lewe.
23. As volle vergifnis hoegenaamd aan iemand verleen kan word, sou dit alleen kan geskied in die geval van die mees volmaakte persone, d.w.s. aan baie min mense.
24. Dit volg dus dat die grootste deel van die mense mislei is deur daardie voor-die-voet hoogklinkende belofte van kwytskelding van straf.
25. Dieselfde mag wat die pous in die algemeen oor die vaevuur uitoefen, word in die besonder uitgeoefen deur iedere biskop in sy bisdom en priester in sy gemeente.
26. Die pous handel voortreflik wanneer hy vergifnis skenk aan die siele in die vaevuur as gevolg van gebede wat ter wille van hulle gedoen word, en nie kragtens die sleutelmag, wat hy nie vir hulle kan aanwend nie.
27. Daar is geen goddelike gesag nie vir die leer dat die siel uit die vaevuur vlieg sodra die geld op die bodem van die geldkis klink!
    (*Hierdie woorde is baie pertinent gerig teen Tetzel, die aflaatkramer wat namens sy kerk verkondig het dat die siel in die vaevuur dadelik daaruit verlos word sodra die geld op die bodem van die geldkis klink*)!
28. Dit is, inteendeel, stellig moontlik dat wanneer die geld op die bodem van die geldkis klink, geldgierigheid en inhaligheid toeneem; maar wanneer die kerk deur die gebed intree, hang alles af van die wil van God.
29. Wie weet of alle siele in die vaevuur werklik verlang om daaruit verlos te word as in aanmerking geneem word wat gesê word deur die heiliges, Severinus en Paschal?
30. Niemand is seker van die werklikheid van sy eie berou nie, veel minder van die ontvangs van volle vergifnis.
31. Iemand wat te goeder trou aflaatbriewe koop, is so seldsaam as 'n mens wat hartgrondige berou het, d.w.s. baie min voorwaar.
32. Almal wat glo dat hul seker is van hul saligheid as gevolg van die aankoop van aflaatbriewe, sal vir ewig verdoem word saam met hul leermeesters.
33. Ons moet ernstig waak teen diegene wat sê dat die pouslike aflaat 'n onwaardeerbare goddelike gawe is, en dat 'n mens daardeur met God versoen is.
34. Want die genade wat deur hierdie aflaat meegedeel word, sien enkel en alleen op die strafbepalings van die sakramen-

tele voldoenings wat vereis word — en wat alleen deur die mens ingestel is.

35. Dit is nie in ooreenstemming met die Christelike leerstellings om te preek en te leer dat dit vir diegene wat siele vry koop, of deur betaling die reg verkry om die bieg waar te neem, nie nodig is om berou te hê oor hul eie sondes nie.

36. Enige Christen, wie hy ook al mag wees, wat waarlik oor sondes berou het, verkry volle vergifnis van straf en skuld, en dit word aan hom gegee sonder aflaatbriewe.

37. Elke ware Christen, wie ook al, lewend of dood, deel in al die weldade van Christus en die Kerk; en hierdie deelname word aan hom geskenk deur God sonder aflaatbriewe.

38. En tog mag die pouslike kwytskelding en vrystelling in geheel nie verag word nie, want soos reeds vroeër gesê, hulle kondig aan die kwytskelding wat deur *God* gegee is.

39. Dit is baie moeilik, selfs vir die geleerdste teoloë, om by die mense aan te prys die groot seën wat in die aflaat inbegrepe is, en terselfdertyd om berou as 'n deug te roem.

40. 'n Ware berouvolle sondaar skram nie weg van, maar ondergaan graag, die straf van sy sonde; terwyl die veelvuldige aflaatbriewe meebring dat die gewetens van die mense dof word en by hulle 'n afkeer van die straf wek.

41. Pouslike aflaat moet met omsigtigheid verkondig word, sodat die mense nie 'n verkeerde begrip daarvan sal kry nie, en dink dat die aflaat verkieslik is bo ander goeie werke: dié van die liefde.

42. Christene moet geleer word dat die pous in geheel nie wil hê dat die aankoop van aflaatbriewe beskou moet word as in enige opsig vergelykbaar met die werke van barmhartigheid nie.

43. Christene behoort geleer te word dat dié wat aan die armes gee, of geld aan die behoeftiges leen, 'n beter werk doen as om aflaatbriewe te koop.

44. Omdat, deur werke van liefde, die liefde groei en 'n mens daardeur 'n beter mens word; terwyl, deur aflaatbriewe, hy nie 'n beter mens word nie, maar alleen daarop bedag is om sy straf vry te spring.

45. Christene behoort geleer te word dat hy wat 'n behoeftige mens sien, maar hom verbygaan — al gee hy geld vir aflaatbriewe — geen voordeel verkry as gevolg van die pous se vergifnis nie, maar alleen die toorn van God op hom haal.

46. Christene behoort geleer te word dat, tensy hulle meer besit as hulle nodig het, dit hul plig is om te behou soveel nodig is vir die onderhoud van hul huishouding, en hul geld onder geen omstandighede te vermors deur die aankoop van aflaatbriewe nie.

47. Christene behoort geleer te word dat hulle aflaatbriewe vrywillig aankoop, en dat hulle nie verplig is om dit te doen nie.

48. Christene behoort geleer te word dat, ten spyte van aflaatbriewe wat die pous gelas, hy groter behoefte het aan en meer begerig is na vroom gebede ten behoewe van homself as aan kontant geld.
49. Christene behoort geleer te word dat die pouslike aflaat alleen nuttig is as hulle hulle nie daarop verlaat nie, maar baie nadelig is as iemand die vrees van die Here kwyt raak as gevolg van die aflaat.
50. Christene behoort geleer te word dat, as die pous bekend is met die afpersing van die aflaathandelaars, hy sou verkies dat die St. Pieterskerk liewer tot as sou verbrand word as om opgebou te word met die huid, vlees en bene van sy skape.
51. Christene behoort geleer te word dat die pous gewillig sou wees, soos hy inderdaad behoort te wees, ingeval dit noodsaaklik mag wees, om die St. Pieterskerk te verkoop, en ook sy eie geld te gee aan baie van hulle van wie die aflaathandelaars geld afpers.
52. Dit is vrugteloos om op verlossing te hoop deur aflaatbriewe, al sou die gemagtigde aflaathandelaar, of selfs die pous, sy eie siel in pand gee vir hul geldigheid.
53. Húlle is vyande van Christus en van die pous, wat verbied dat die Woord van God hoegenaamd in sommige kerke verkondig word, sodat die aflaat in andere verkondig kan word.
54. Die Woord van God ly skade as in dieselfde preek 'n eweredige of langer tyd bestee word aan die aanprysing van aflaatbriewe as aan die Woord.
55. Die pous kan nie help om die opinie toegedaan te wees dat as aflaatbriewe (wat nietige sake is) gevier word deur die gelui van een klok, een vertoning, of een plegtigheid, die Evangelie ('n baie groot saak) verkondig behoort te word met die begeleiding van 'n honderd klokke, 'n honderd optogte, 'n honderd plegtighede.
56. Die skatte van die kerk, waaruit die pous die aflaat uitdeel, word nie genoegsaam genoem of kennis van gedra onder die volgelinge van Christus nie.
57. Dat hierdie skatte nie tydelike dinge is nie, is duidelik uit die feit dat baie van die handelaars (*aflaathandelaars*) hulle nie vryelik uitdeel nie, maar hulle alleenlik bymekaar maak.
58. Ook is hulle nie die verdienste van Christus en die heiliges nie, omdat (ook afgesien van die pous) hierdie verdienste altyd genade werksaam maak in die innerlike mens — terwyl dit die kruis, dood en hel in die uiterlike mens bring.
59. Die heilige Laurentius het gesê dat die armes die skatte van van die kerk is, maar hy het die uitdrukking gebesig ooreenkomstig die gebruik van sy eie tyd.
60. Ons spreek nie ligvaardig deur te sê dat die skatte van die kerk die sleutels van die kerk is en dat die seën wat aan hulle verbind is, geskenk word deur die verdienste van Christus.

61. Want dit is duidelik dat die gesag van die pous, in sigself, genoegsaam is vir die kwytskelding van strafbepalings en sekere besondere gevalle.
62. Die ware skatte van die kerk is die Heilige Evangelie van die heerlikheid en die genade van God.
63. Van hierdie skat het die mens tereg 'n afkeer, want dit maak die eerste die laaste.
64. Aan die ander kant, die skatte van die aflaat is baie aanneemlik, want dit maak dat die laaste die eerste is.
65. Die skatte van die evangelie is dus nette wat in vroeër tye gebruik is om mense (*vir Christus*) te vang.
66. Die skatte van aflaatbriewe, daarenteen, is nette wat deesdae gebruik word om ryk mense te vang!
67. Die aflaatbriewe wat die aflaatkramers ophemel as die uitnemendste gunste, word inderdaad gesien as 'n geliefkoosde middel om geld in die hande te kry.
68. Nieteenstaande, mag hulle nie vergelyk word met die genade van God en ontferming wat in die kruis tot openbaring kom nie.
69. Biskoppe en geestelike helpers moet pligshalwe die gemagtigdes van die pouslike aflaathandel met alle eerbied ontvang.
70. Maar hulle staan onder 'n baie groter verpligting om ernstig te waak dat hierdie mense nie hul eie inbeelding preek in plaas van die opdrag van die pous nie.
71. Laat hom vervloek en verfoeilik wees wat die apostoliese karakter van aflaatbriewe ontken, *word gesê.*
72. Aan die ander kant, geseënd is hy wat op sy hoede is teen die ligsinnigheid en eiesinnige optrede van die aflaathandelaars.
73. Op dieselfde manier, die pous verban uit die kerk almal wat planne maak tot nadeel van die handeldryf ten opsigte van aflaatbriewe.
74. Dit is baie meer in ooreenstemming met sy standpunt om húlle uit die kerk te verban wat die voorwendsel van aflaatbriewe gebruik om op te tree tot skade van heilige liefde en waarheid.
75. Dit is dwaas om te dink dat die pouslike aflaatbriewe so veel krag het dat hulle 'n mens kan kwytskeld, al het hy die onmoontlike gedoen en die moeder van God oneer aangedoen.
76. Ons beweer die teenoorgestelde, en sê dat die vergifnis wat die pous kan skenk, nie by magte is om die kleinste vergeeflike sonde weg te neem nie, so ver as dit die skuld daarvan raak.
77. Wanneer dit gesê word dat nie eens die heilige Petrus, gestel dat hy nou pous was, 'n groter genade kon skenk nie, is dit lastering teen die heilige Petrus en die pous.
78. Ons beweer die teenoorgestelde, en verklaar dat hy, en enige pous wie ook al, oor groter genade beskik, naamlik die evan-

gelie, geestelike kragte, gawes van gesondmaking, ensovoorts, soos verklaar word in 1 Korinthiërs 12.

79. Dit is godslasterlik om te verklaar dat onderskeidingstekens van die kruis met die pouslike wapen van gelyke waarde is as die kruis waaraan Christus gesterf het.

80. Biskoppe, geestelike helpers en teoloë wat toelaat dat verklarings van hierdie aard gedoen word aan die mense, sonder om dit teen te gaan, sal daarvoor verantwoording moet doen.

81. Hierdie onbeteuelde verkondiging aangaande aflaatbriewe maak dit moeilik vir geleerdes om die eer wat die pous toekom, te verdedig teen valse beskuldigings, of ten minste teen die skerpe kritiek van die gewone mense.

82. Hulle vra bv.: Waarom ontslaan die pous nie alle siele tegelyk uit die vaevuur ter wille van die liefde wat uitermate heilig is en die dringende nood van dié siele nie? Dit tog sou, uit 'n morele oogpunt besien, die beste van alle redes wees. Intussen red hy ontelbare siele ter wille van geld (iets wat uitermate verganklik is), waarmee hy die Petrus-kerk wil bou — 'n oogmerk van minder belang.

83. Verder: waarom moet begrafnis- en jaarlikse misse (*Roomse nagmaalsvieringe*) vir die dode waargeneem word? En waarom betaal die pous nie terug of laat hy nie toe dat terugbetaal word die weldade wat ingestel is vir hierdie doel, aangesien dit tog verkeerd is om te bid vir daardie siele wat nou verlos is?

84. Verder, waarlikwaar, dit is 'n nuwe soort medelye, by God en die pous, wanneer 'n goddelose mens, 'n vyand van God, toegelaat word om geld te betaal om 'n vrome siel (*'n vriend van God*) te verlos; terwyl daardie vrome en geliefde siel nie toegelaat is om verlos te word sonder betaling van geld nie — wat behoort te geskied ter wille van liefde en net weens sy behoefte aan verlossing!

85. Verder, waarom is die kerklike wette wat op berou betrekking het, wat feitelik, indien nie in die praktyk nie, lankal verouder en dood in hulself is — waarom word hulle vandag nog gebruik om boete in die vorm van geld op te lê, deur die verkoop van aflaatbriewe, asof al die kerklike wette wat op berou betrekking het, ten volle in werking is?

86. Verder, aangesien die inkomste van die pous vandag groter is as dié van die allerrykste man, waarom bou hy nie hierdie een kerk — die Petrus-kerk — met sy eie geld in plaas van met die geld van arme gelowiges nie?

87. Verder, wat eintlik skeld die pous kwyt of deel hy mee aan mense, wat, kragtens hul volmaakte berou, reg het op volle goddelike vergifnis of kwytskelding?

88. Verder, waarlik, veel meer goed kon gedoen word aan die kerk, as die pous daardie vergifnis en kwytskelding sou skenk, nie slegs eenmaal, soos nou die geval is nie, maar 'n honderd

maal elke dag vir die voordeel van enige gelowige, wie hy ook al is.

89. (*Dit word gesê*): Wat die pous deur aflaatbriewe beoog, is nie geld nie, maar verlossing van siele. Waarom skort hy dan nie die briewe en aflaat, vroeër toegestem, op nie; (waarom is dit nodig dat hulle) nog so kragtig as ooit bly?
90. Hierdie sake is ernstige sake vir die gewete van die leke. Om hulle enkel deur mag te onderdruk en nie te ontsenu met argumente nie, beteken eenvoudig om die kerk en die pous bloot te stel aan die spot van hul vyande en om die Christene ongelukkig te maak.
91. As derhalwe die aflaat gepreek word in ooreenstemming met die gees en bedoeling van die pous, sal al hierdie moeilikhede maklik te bowe gekom word, en sal hulle ophou om te bestaan.
92. Weg dus met daardie profete wat aan die volgelinge van Christus sê: „Vrede, vrede," wanneer daar geen vrede is nie.
93. Heil, heil aan al daardie profete wat aan die volgelinge van Christus sê:„Die kruis, die kruis".
94. Christene behoort vermaan te word om ywerig te wees om Christus, hul Hoof, te volg, deur kastyding, dood en hel.
95. En laat hulle dus met groter vertroue vervul wees om die hemel in te gaan deur baie beproewings, liewer as om te steun op 'n valse versekering van vrede.

* * *

Die bekendstelling van die voorgaande 95 Stellinge van Maarten Luther op 31 *Oktober* 1517 (dus 450 jaar gelede) het aanleiding gegee tot die geseënde Kerkhervorming van die sestiende eeu, waaruit die Protestantisme gebore is.

As vroeëre Roomse priester het Luther 'n lange en bange geestelike stryd deurgemaak, maar hy het rus en vrede vir sy siel gekry toe hy deur bestudering van die Heilige Skrif (veral die boeke *Romeine* en *Galásiërs*) tot die besef gekom het dat die sondaar geregverdig word uit die geloof op grond van die soenverdienste van Jesus Christus, soos die Skrif dan sê: „Omdat ons dan *uit die geloof geregverdig* is, het ons *vrede by* God deur onse *Here Jesus Christus*" (Rom. 5:1).

Die ware Protestant is hy wat sy staanplek by die Woord van God neem en die absolute gesag van die Woord vir leer en lewe heelhartig aanvaar.

# PAS OP DAT NIEMAND JULLE MISLEI NIE

**LEES OOK HIERDIE BOEK DEUR**
**dr. D. R. SNYMAN**

107 Bladsye.

Prys 40 sent per eksemplaar posvry.

**Bestel by die Sondagskool-Boekhandel,**

**Posbus 396.**
**BLOEMFONTEIN.**

Gedruk deur Die Sentrale Pers, Bloemfontein